# 14 Februarie 2024 - Lesing 237 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Ondersoek alles en behou die goeie **–** 9/11/61

**NO: 8037** Die wil om My te dien, word gewaardeer. En Ek wys nou die mens die saak toe tot waartoe hy in staat is om dit uit te voer en **sodat dit steeds homself en die medemens tot seën sal strek**.

Maar op die innerlike aanwysings en instruksies sal julle ook moet ag slaan, julle sal nie na eie goeddunke mag handel nie, wat maklik kan gebeur, **wanneer julle na vore wil tree** met julle werksaamheid en dan heel maklik julle arbeid in die wingerd in gevaar bring. Diepste deemoed en die gevoel van eie onvolkomenheid moet julle steeds weer na My laat vlug, sodat julle julleself aan My kan oorgee. Julle moet steeds poog om slegs My Wil te vervul en waarlik, **julle sal van hierdie Wil van My in julle hart gewaarword en daarvolgens werksaam wees.**

En hierdie ondersoek moet elkeen wat My wil dien, **by homself uitvoer** om dan ook oortuig vir My en My ryk te kan uitkom. Want die arbeid in die wingerd bestaan daarin:

Om goeie saad in die lewensakker van die mense neer te plaas. **Om My Woord te verkondig waar dit maar moontlik is**. En om iets te kan deurgee, moet die mens dit eers self besit, dus moet hy **eers die saad van Myself in ontvangs neem** en dit verg 'n **bereidheid** en 'n **bepaalde graad van rypheid** van die siel. Eers dan kan hy My Woord in homself verneem en dit dan as suiwer evangelie in die wêreld uitdra.

Waar **My suiwer woord** nou na die aarde gebring kan word, is ook so 'n graad van rypheid bereik; die mens ontvang ware saad wat hy nou sonder beswaar kan uitstrooi volgens My Wil.

Maar steeds sal die ondersoek aan julleself oorgelaat word, of 'n geestelike lering van My Self uitgegaan het en of daar van 'n "***werksaamheid van die Gees***" in die mens gepraat kan word. En julle hart moet vir julle antwoord gee, want julle sal dit voel wanneer Ek julle Self aanspreek, wanneer julle maar ernstig die waarheid begeer, wanneer dit julle begeerte is om My Self te hoor.

Ek Self sal My altyd so uiter dat dit wat julle sal verneem, 'n aanwins vir julle siele sal wees. Ek sal julle liefdevol aanspoor en julle **wys op My gebooie van die liefde,** Ek sal julle waarsku teen die nie-benutting van julle lewens, wat te sien is as julle sonder liefde leef.

Ek sal julle opheldering gee oor die doel van julle lewe op aarde, Ek sal die werk van die verlossing van JaHshua na vore bring en julle aanspoor om die weg na die kruis te neem. Ek sal die duisternis van gees in julle verdryf, deurdat Ek in julle 'n lig sal aansteek. En dit beteken, dat Ek julle **kennis laat toekom wat slegs My Gees aan julle kan oordra.**

En gebruik dit dan as toetsteen of julle **geestelike wins** behaal - en of dit leë woorde is sonder inhoud, wat nie in staat is om indruk op julle te maak nie, wat elke mens ook uit homself kan spreek, **of dat dit julle wysheid teenstraal.**

Want elke woord wat van My Self uitgaan, straal My Liefde en Wysheid uit en raak die menslike hart, sodat hulle wegvlug van die geestelike donkerte, dat in hulle hart 'n lig ontsteek word, sodat die mens My Self leer herken in My Wese, sodat hy antwoord kan verkry op sy vrae wat hom as mens innerlik besighou, wat egter die geestelike gebied betref.

Steeds spreek Ek deur My Gees wanneer Ek die mens regstreeks kan aanspreek en hierdie Gees spreek tot die gees in die mens, wat 'n deeltjie van My is. Die Woord word opgeneem en deur die ontvanger daarvan aan die medemens oorgedra. En hierdie gebeurtenis is iets buitengewoon belangrik, omdat dit aan julle mense tog My aanwesigheid bewys, wanneer julle in julleself My Woord sal hoor en omdat My Woord met My Krag geseënd is, **maak dit ook 'n geweldige indruk op die medemens** aan wie My boodskapper dit bring.

Maar een ding sal julle mense nie mag vergeet nie, dat in die eindtyd ook die buitengewone werksaamheid van My in Liefde, deur My teenstander onder 'n **lykende dekmantel** voorgespieël sal word om My werksaamheid te verswak; dat ook hy deur geskikte opnamehouers homself sal probeer uiter en dat hy sal slaag, wanneer die toestand van rypheid van 'n siel My aanwesigheid nog nie toelaat nie, die mens self voel egter daartoe geroepe om dan as opnamehouer te dien, omdat sulke gedagtes aan hom deur kragte uit die hiernamaals ingegee was en dan **opgeneem word in geestelike hoogmoed en verkeerde beoordeling van sy geestestoestand**.

Dan kan Ek Self nie in hom spreek nie, inteendeel, dan bedien My teenstander hom van homself, wie homself ook dikwels **verskuil agter My Woord**, want vir hom is elke middel goed, wanneer hy maar sy doel daardeur kan bereik: naamlik om mense in die duisternis van gees te hou.

Maar steeds sal julle die ondersoek Self ernstig moet uitvoer, met die aanroep vir My bystand, **want julle sal alles moet ondersoek en die goeie behou**. En steeds moet dit Lig in julle word, omdat julle nie anders sal kan praat van 'n goddelike aanspreking nie.

En lig beteken 'n **toename in geestelike kennis** wat ooreenstem met die waarheid en dat maar **net Ek Self**, Wie die Lig van Ewigheid is, julle dit altyd kan laat toekom. Amein.

(***1 Johannes 4:1*** *GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit Elohim is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.*

*2 Hieraan ken julle die Gees van die Elohim: elke gees wat bely dat JaHWèshua die Gesalfde in die Vlees gekom het, is uit Elohim;)*